Advertensie

# Kaapse klerewerkers steun ANC

## Unielede gerusgestel oor werk, regstellende aksie

**Die ANC het oorweldigende onder steuning gekry van die ongeveer 10 000 lede van die Southern African Clothing and Textile Workers Union (SACTWU) wat die unie se Algemene Jaarvergadering by die Goodwood Skouterrein afgelope Sondag bygewoon het.**

SACTWU aanvaar dat elke werker se stem sy eie is. Die ANC is die enigste politieke party wat sterk opgekom het vir werkers se regte. Dis hoekom duisende SACTWU-lede spontaan hul ondersteuning vir die ANC belowe het.



Lone, werkers se regte, vrede in die gemeenskap. . . duisende SACTWU-lede het tydens die unie se Algemene Jaarvergadering hul ondersteuning aan die ANC in die verkiesing belowe. Die vergadering is gekenmerk deur werkers wat gesing en gedans het en deur baie kleurvolle fabrieksbaniere.

### SACTWU nog altyd teen rasisme gekant

As 'n nie-rassige organisasie kan SACTWU nie die Nasionale Party steun nie. Mnr. Franklin Sonn, Rektor van die Peninsula Tegnikon, het die NP se taktiek in die Weskaap aangeval: "Hulle probeer die bruin gemeenskap afskrik deur 'n rasistiese wig tussen hulle en die swart gemeenskap in te dryf. Laat ons nou saamstaan soos ons in die verlede saamgestaan het."

### Beskerming van werkersregte

Daar is 'n groot verskil tussen die ANC en die NP se houdings jeens werkersregte, volgens mnr. Jay Naidoo van COSATU. "Die ANC het nog altyd vir die regte van werkers geveg, maar die NP ondersteun die reg van werkgewers om werkers uit te sluit."

### Regstellende aksie sal bruin gemeenskap, vroue insluit

Dit is dringend nodig om die verkeerde dinge van die verlede reg te stel en almal wat onder Apartheid gely het, insluitende bruin werkers, sal baat by regstellende aksie. Hierdie beroep is deur die ANC gemaak en is onderskryf deur die sakesektor in die Weskaap tydens 'n kongres wat onlangs deur SACTWU gereel is.

### Toekomstige ontwikkeling van die klerebedryf

Verder geniet SACTWU se plan, om die klerebedryf te ontwikkel en sodoende meer werk te skep, die volle ondersteuning van die ANC.

## Lentekoningin vra vir vrede en voorspoed in die Weskaap



SACTWU Lentekoningin Rachmat Cassiem het 'n sterk beroep gedoen vir vrede en respek vir die menswaardigheid van al die mense van Suid-Afrika. "Ek wil hê dat ons almal werk vir vrede in ons huise, in ons lewens, werkplekke en ons land. Vrede kan slegs verkry word deur die respek vir andere se kulture, gelowe, en drome, maak nie saak hoe nietig dit ookal mag wees nie."

## SACTWU loods sy veldtog vir voldoende lone

Die Kaap se grootste vakunie, SACTWU, gaan werkgewers pak vir loonverhogings dié jaar.

Dit is sterk beklemtoon tydends die unie se Algemene Jaarvergadering by die Goodwood Skouterrein. Adjunk Sekretaris Generaal mnr. Ibrahim Patel het 'n beroep gedoen vir voldoende lone en meer regte vir werkers in die klere-, tekstiel-, en leerindustrieë.

Dié houding is sterk gestel deur vr. Lillian Malan, werker-leier van die Searldell Groep. "Dis tyd dat werkgewers ordentlike lone betaal. Ons is moeg daarvan om te bedel vir kos- en huurgeld. Ons sal nie hierdie jaar scrap verhogings aanvaar nie." Dié standpunt is met luide toejuiging van die groot en entusiasitiese skare begroet.

Nog 'n spreker, vr. Gloudia Liesching, 'n tekstiel werker-leier van Bellville, het nie doekies omgedraai nie: "Teen die einde van dié rondte samesprekings gaan ons 'n nuwe onderhandelingstruktuur hê, of ons gaan 'n staking hê," het sy namens die tekstielwerkers van die Weskaap belowe.

Uniesprekers van die klere- en skoenwinkelsektor is luid toegejuig toe hulle hul loon-eise bekend gemaak het.

*Uitgereik deur COSATU, Weskaapland, 1e verdieping, Castle Mews, Newmarketstraat 16A, Kaapstad.* The Open Window Consultancy